

# BRAUNVIEH

## NUUSBRIEF | NEWSLETTER



### IN DIE UITGAWE:

1. Presidentsboodskap
2. Braunvieh SA Nasionale veiling 2021 uitslae:
3. Beoordelaars/Ras kursus
4. Volg ons op . . .
5. Braunvieh cattle in South Africa

#### BRAUNVIEH SA

P.O. Box 7864, Bloemfontein 9300

[T]: 051 410 0900 / 051 410 0955

[E]: braunviehsa@studbook.co.za

[W]: www.braunvieh.co.za

## Van die PRESIDENT

Met ongekende spoed snel hierdie jaar by ons verby. Begin Januarie 2021 het 'n jaar voor ons uit gestrek met vele uitdagings. Die voortslepende Covid pandemie, wat steeds swaar oor ons hang, maar ook kommer wat landbou toestande vir ons as boerdery gemeenskap sou inhou het groot kommer gewek. Met groot dankbaarheid in ons harte het ons Liewe Vader groot dele van die land geseën met milde reën en het daar 'n goeie landbou jaar voorgelê.

Nou in die vooraand van die laaste kwartaal kan Braunvieh SA met trots terugvoer gee dat hierdie jaar voorwaar mooi uitgedraai het. Wat aanvanklik baie beplanning, oortuiging en reëlins geverg het, breek die week van 19-22 Julie aan. Wat 'n voorreg om almal betrokke by die Nasionale veiling te Nampo Park, Bothaville te ontvang. 2021 het Braunvieh SA grense verskuif rakende die veiling. Vleissentraal bied vir die eerste keer die Nasionale veiling aan. Mnr Allan Sinclair, span personeel en veral Mev Marinda van der Merwe ontsien geen moeite om van hierdie geleentheid 'n reuse sukses te maak. Die betrokke telers het voorwaar 'n puik aanbod aangebied en word dit gereflekteer deur die goeie veilings pryse. Bedankings is reeds uit die Kantoor gestuur aan alle betrokke partye. Graag wil ek weereens vir u almal baie dankie sê vir u bydrae tot hierdie geleentheid (sien ook veilings uitslae).

Volgende jaar se datum is reeds vasgemaak vir 21 Julie 2022 te Nampo Park, Bothaville. Braunvieh SA nooi al die telers uit om aan die geleentheid deel te neem. Dit bied 'n toonvenster vir elke stoetteler, maar ook 'n geleentheid om u mede-telers se geesdrif, teeldoelstellings en entoesiasme eerstehands te ervaar rakende Braunvieh beeste.

Die kursus wat aangebied was vir senior beoordelaars asook keurders het suksesvol verloop en kon daar sinvol aan rasstandaarde geskaaf word. Ek wil graag 'n beroep op elke teler doen om u te vergewis van al die rasstandaarde. U is welkom om dit by die Kantoor aan te vra sou u dit nie reeds onder oë gehad het nie.

Al plaas Covid 'n groot demper op baie van die normale geleenthede waar Braunvieh SA sigbaar kan wees, slaag die Nasionale veiling, asook die Eduan Produksie veiling steeds daarin dat mede-boere kennis neem van die ras.

Van die Raad se kant wil ons ook graag alle nuwe telers welkom heet. Mag u voorwaar 'n goeie verbintenis met Braunvieh SA beleef. Alle sterkte met u stoeterie en mag sukses soet op die pad wag.

Die Braunvieh familie is voorwaar ongelooflike mense. 'n Oud Braunvieh teler, mnr MDO Slabber (Mike) se kleindogter, Anruné Weyers behaal tydens die onlangse Paralimpiese spele in Tokyo Goud in die 400m. Claus Kempen, bestuurder van Sekretariaat, verbonde aan SA Stamboek, verwerf tydens dieselfde spele 'n

brons medalje as gids deur Louzanne Coetzee by te staan tydens die marathon. Ongeag die terugslae kon daar voorwaar steeds mooi en suksesvolle verhale uit spruit. Aan Anruné, Claus en Louzanne, julle is merkwaardige mense. Dankie dat julle ons Braunvieh familie kon verryk met jul prestasies en deursettings vermoë. Ons is super trots op julle! Nogmaals baie geluk.

Mag hierdie 3 mense se vasberadenheid en deursettingsvermoë vir al ons telers inspireer om Braunvieh beeste van formaat te teel en die ras na hoë hoogtes te lei.

Sample Rossouw



## NASIONALE VEILING 2021



14 bulle verkoop teen gemiddeld R59 429.

**Hoogste prys Lot 4 (Witbek Omega)  
aan Eduan Boerdery vir R90 000.**

2 Dragtige koeie verkoop teen gemiddeld R23 500,  
hoogste prys R25 000.

5 Koeie met kalwers verkoop teen gemiddeld  
R34 200. Hoogste prys R42 000.

2 Koeie met verskalwers. Gemiddeld R33 500.  
Hoogste prys R35 000.

6 Oop verse verkoop teen gemiddeld R19 000.  
Hoogste prys R20 000.

*Veiling aangebied deur Vleissentraal.  
Afslaer Johan van der Nest*

Braunvieh SA se Raad bedank graag al die deelnemende verkopers met die puik aanbod tydens die Nasionale veiling.

**'n Groot dank aan al ons kopers van Braunvieh diere!**

### Verkopers:

JH Bezuidenhout (Swartbult)  
MSE Bezuidenhout (Lizie-Dolla)  
JC Braunvieh Stud (AR)  
JJ Bester en Dogters (Witbek)

Lalta Trust (Shalom)  
SW Rossouw (Rossouw's)  
SP Els Familie Trust (ELS)  
JJH van Zyl (Beaulieu)

# Beoordelaars/Ras KEURDERS-KURSUS



Braunvieh SA was baie bevoorreg om saam met een van sy jaarlikse kalender hoogtepunte 'n beoordelaars/ras keurders-kursus aan te bied. Woensdag 21 Julie 2021, die dag voor die Nasionale Veiling, het beoordelaars van wyd en syd gekom om hulleself weer op hoogte te bring met die nuutste in die Braunvieh ras en die bedryf. Niemand anders as ons staatmaker en Interras beoordelaar mnr Martin Seyfferdt, het voorgevat om die belangrike kursus te lei.

**Diegene wat die oggend saam die kursus bygewoon het is:**

Mnr Danie Erasmus  
Mnr Lewellen Angus  
Mnr Kobus Bezuidenhout  
Dr Dalene Roos  
Mnr Hans Bester  
Mnr Christopher Havenga  
Mnr Gawie Naudé  
Mnr Willem Naudé  
Mnr Abe Rademeyer  
Mnr Fanie Els

Die kursus is oa gebruik om die skuiwergat tov die afwesigheid van 'n skrotum omvang in Braunvieh SA se

Ras Standaarde in diepte te bespreek. Sinvolle insette het gelei tot die eenparige besluit daar moet 'n vasgestelde standaard vir bulle se skrotum omvang as riglyn aan telers gegee kan word ten einde bulle suksesvol te kan registreer. Konsensus is bereik deur 'n minimum skrotum omtrek te koppel aan 'n bul se gewig.

Die besluit is as volg.

| Bulle se gewig | Skrotum omtrek |
|----------------|----------------|
| 300 - 400kg    | 32cm           |
| 401 – 450      | 33cm           |
| 451 -500       | 34cm           |
| 501 – 550      | 35cm           |
| 551+           | 36cm           |

Die afwesigheid van standaard tot die skede aanhegting is ook bespreek, maar weens 'n tydse beperking moes dit ongelukkig oorstaan tot 'n volgende keer.

Na 'n baie suksesvolle kursus is almal bederf deur Annemarie de Beer van NAMPO met 'n heerlike middagete uit die boonste rakke.



Braunvieh SA



Braunvieh SA



[www.braunvieh.co.za](http://www.braunvieh.co.za)

# Braunvieh cattle in South Africa


## THE ULTIMATE DUAL-PURPOSE cattle breed in South Africa?



▪ PROF EDWARD WEBB, (PhD, Pr.Sci.Nat.)

*Production Animal Physiology & Meat Science Research group,  
Department of Animal Science, University of Pretoria*

*Email: Edward.webb@up.ac.za*



### **Introduction**

The efficiency of cattle production depends on the adaptability, reproduction efficiency and amount and quality of animal products, e.g. meat or milk. Few species of livestock are characterised by dual-purpose breeds, which implies that such breeds are sought after in terms of efficient and good quality meat and milk production. In the sheep or ovine family, dual-purpose breeds are more common and present several examples of breeds that are sought after for meat and wool production. The dual-purpose breeds of cattle have received relatively little attention to date, despite their huge role in the development of several new or synthetic breeds of cattle. In this regard, the early approach in cattle breeding was to include dairy type or dual-purpose (beef and milk) cattle breeds in the development of the new breeds due to their higher milk yields, which favoured calf growth and weaning weights and combine that with good growth and carcass characteristics for meat production.

The Braunvieh is an excellent example of a dual-purpose breed that had a huge impact on the development of other breeds, but moreover also gained significant popularity in its own right for its excellent temperament, and favourable milk and meat production characteristics.

This breed is one of the oldest purebred breeds, which originated in the Alps of Switzerland in 800 bC. Apparently, Muri monks started breeding Braunvieh cattle in about 1150 aC, by specifically selecting phenotypes with above-average milk and beef production characteristics, but representative of the more muscular phenotypes. The aim was specifically to breed cattle more suitable to provide a sustainable income from small farms or production systems. In fact, its efficient meat and milk production qualities contributed to its popularity and rapid spread to 60 countries worldwide and almost 7 million registered cattle.

### **Braunvieh in South Africa**

Braunvieh cattle were imported to SA in 1907, for use in crossbreeding programs by the Department of Agriculture to breed cattle adapted to the cold highlands of South Africa. The Braunvieh Breeding society was founded in 1925, but, interestingly, the breeder's society split into dairy and meat types of Braunviehs in 1974'. Fortunately, the dual-purpose Braunvieh Breeders society was established again in 1996.



### ***Phenotypic and production characteristics***

From a production and physiological point of view, the concept of a dual-purpose meat and milk type of cattle breed may raise questions, especially in terms of its production efficiency. The success of the Braunvieh is based on the careful balance of meat and milk production in a 60:40 ratio. Secondly, Braunvieh cattle are medium-large framed cattle with a well-pigmented and dark hide. Another physiological characteristic that demonstrates their adaptability is their ability to shed hair coats early in summer and subsequent thickening of hair coats in winter. These characteristics contribute to the breed's ability to adapt to the often harsh extensive conditions in South Africa and withstand stints of extreme environmental and poor grazing conditions.

One of the most unique physiological characteristics of Braunvieh cattle is their relatively high haemoglobin (red blood cell) count compared to other cattle breeds. Haemoglobin is the blood protein responsible for the transport of oxygen from the lungs to body cells in vertebrates. A high haemoglobin count favours the

survival of animals at high altitudes and it may also favour the adaptability of cattle in subtropical and tropical environments.

### ***Future***

Double-purpose cattle breeds are undervalued in beef production. Breeds such as the Braunvieh may contribute substantially to the sustainability of small-scale production systems in South Africa and other developing countries. If exploited wisely, this breed can play an increasingly important role in ensuring food security in resource-constrained environments.